Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alif, Lam, Mim, Ra. Hierdie is die verse van die Koran. En dit* wat deur jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer geopenbaar is, is waar, maar meeste mense glo nie. (*K53:3)

2. Allah is die een wat die hemele bokant die aarde opgelig het sonder om pilare te gebruik*. Pilare is iets wat mens kan sien, en daar is geen sigbare pilare nie. Daarna het Hy Homself op die Troon tuisgemaak en die son en die maan aan homself onderwerp, en beide van hulle beweeg ooreenkomstig 'n vasgestelde tyd. Hy bestuur alle aangeleenthede, terwyl Hy die boodskap en bewyse duidelik maak, sodat jy verseker daarvan kan wees dat jy jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer gaan ontmoet. (*K22:65)

3. En Hy is die Een wat die aarde uitgesprei het en daarop berge en riviere gemaak het, en van elke vrugtesoort twee pare. Hy het ook die nag as bedekking vir die dag gemaak. Hierin is daar sekerlik 'n boodskap en bewyse vir 'n volk wat nadink.

4. Verder is daar op die aarde uniek landstreke wat aan mekaargrens en druiweboorde en plase en dadelbome, party met enkel- en sommige met dubbelstamme, wat almal met dieselfde water natgemaak word. Sommige smaak ook beter as ander, en in dit alles is daar sekerlik 'n boodskap en bewyse vir diegene wat verstaan.

5. En, Mohammed, as jy jou verwonder oor die Veelgodedienaars wat die Opstanding ontken, verwonder jou dan aan dit wat hulle sê: “Sê julle dat wanneer ons stof geword het ons weer opnuut geskape gaan word?” Hulle is diegene wat nie geglo het in hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie, en hulle is diegene wat boeie om hulle nekke gaan hê, en hulle is die mense van die Vuur. Hulle sal daar vir ewig bly.

6. En hulle vra jou uitdagend dat die straf waaroor jy hulle so waarsku dan nou moet kom as jy regtig 'n profeet is, wat wys dat hulle die Goddelike Straf as iets baie vêr in die toekoms beskou of iets onmoontlik, terwyl straf reeds op ander volke voor hulle gekom het en dit deur getuies waargeneem is. En waarlik, soos wat jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van vergifnis is vir diegene wat verkeerd doen, so ook is Hy ook erg met straf.

7. Die ongelowiges sê: “Hoekom is dit dat geen bewys afgestuur is vanaf sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer af nie?” Jy is maar net een wat waarsku. En so is daar vir elke volk 'n gids.

Die eksklusiewe kenmerke van die volmaaktheid van Allah

8. Allah is die Kenner van die Onsigbare: Hy weet wat elke swanger vrou in haar liggaam dra, of dit 'n seuntjie en of dit 'n dogtertjie is* en wat haar liggaam kleiner laat word of laat groter word. Ten opsigte van hierdie onsekerhede is Allah die enigste Een wat absoluut seker weet. Selfs die tydperke en hoeveelhede van alles rakende swangerskappe is bekend aan Allah: die tydperk van swangerskap, hoe lank die verwagte mens gaan lewe en die hoeveelheid lewensonderhoud wat nodig gaan wees... (*K31:34)

9. ...die Kenner van die versteekte dinge wat nie met menslike sintuie waargeneem kan word nie en die sigbare, Hy is die Grote, die Hoë en vêr verhewe bo dit wat Hy geskape het.

Allah hoor en sien alles

10. Vir Allah is dit maar een en dieselfde of mense in die geheim praat of openlik en of mense hul optrede in die donkerte van die nag probeer wegsteek en of hulle dit openlik doen in die dag: Hy weet van alles en almal.

Beskermengele

11. So het elke mens ook engele voor hom en agter hom, wat mekaar aflos en wat daar is om die mens in opdrag van Allah en vir solank as wat Hy wil, voltyds op te pas teen die gevare van die teenswoordige en die toekomstige wêreld. Waarlik, Allah verander nie die omstandighede van 'n volk, goed of sleg, alvorens hulle nie self 'n verandering teweeg bring nie. En wanneer Allah besluit om 'n volk te laat swaarkry en te straf, dan is daar geen manier om dit om te keer nie, en vir so 'n volk is daar niemand anders as Allah self wat hulle kan help nie.

12. Hy is die Een wat jou die weerlig laat sien: in vrees omdat dit so gevaarlik is maar ook in hoop omdat dit verwagtinge skep van reën, en Hy vorm die swaar wolke.

Mense debatteer en kibbel oor die Enigheid van Allah

13. Die donderweer verkondig Sy Reinheid en Sy Lof, en so ook die engele, uit pure eerbied en ontsag*. En Hy stuur die weerligstrale en tref daarmee wie Hy wil. Terwyl mense oor die Enigheid van Allah debatteer en kibbel is Hy die Een met die beslissende mag en die finale plan waarteen niks of niemand kan gaan nie. (*K17:44)

14. Diegene wat Allah aanbid, aanbid die ware God. Diegene egter wat ander aanbid kry nie eers enige reaksie van watter aard ook al nie, maar hulle is soos iemand wat sy hand uitstrek na water in die hoop dat die water vanself in sy mond sal beland, terwyl niks gebeur nie. Die gebed

van die ongelowiges kry niks anders reg nie as om verdwaal want dit bereik nie die bestemming nie.

15. En voor Allah buig in aanbidding alles en almal wat in die hemele en op die aarde is, vrywillig of onwillig, selfs hulle skaduwees, soggens en saans.

16. Mohammed, vra vir hulle: "Wie is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die hemel en die aarde?" waarop jy dan antwoord: "Allah is." Vra dan weer vir hulle: "Beskou julle dan ander wat geen mag besit om eers aan hulleself enige voordeel of skade te berokken nie, as julle beskermers?" Vra verder vir hulle: "Is 'n blinde persoon en een wat kan sien mekaar se gelyke, of is die verskillende variasies van donker en lig dieselfde?" Of het hulle vennote vir Allah gemaak wat geskape het soos wat Hy geskape het, en waarvan die skepping vir hulle dieselfde lyk? Sê vir hulle: "Allah is die Skepper van alles, en Hy is die Een, die Allesoorheersende.

Die Smeltoond van Allah se handelinge met die mens

17. Hy het water uit die hemel laat reën, sodat die valleie kant en wal geloop het, en die water een bruisende massa skuim was. Net so is die skuim wat op die gesmelte ystererts dryf en wat afgeskep word, wanneer die yster gesmelt en gesuiwer word ten einde hoë gehalte staal te verkry waarvan ornamente en ander items vervaardig kan word. Dit is hoe Allah die waarheid en die leuen uitbeeld: die onwaarheid word voorgestel deur die onsuiwerhede wat opskuim wanneer ystererts gesmelt word deur die vuur van Allah se handelinge met die mens, sodat die waarheid, dit is die suiwer staal, kan agterbly nadat die onsuiwerhede afgeskep is, en vir iets waardevols gebruik kan word. Die skuim word weggegooi, terwyl dit wat vir mense van waarde is behoue bly. Dit is hoe Allah die vergelykende verhale na vore bring.

Gehoorsaamheid teenoor ongehoorsaamheid

18. Vir diegene wat hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer gehoorsaam wag daar die beste van belonings. Diegene egter wat Hom nie gehoorsaam nie, bevind hulleself in 'n verknorsing soveel so dat al sou hulle alles wat op aarde is besit, of selfs dubbel soveel, sou dit nie as losprys aanvaar word nie. Vir diesulkes wag daar die ergste afrekening. Hulle rusplek is die Hel, en dit is nou vir jou 'n slegte bed.

Die Gehoorsames

19. Nou vra Ek, is die persoon wat weet dat wat ook al aan jou, Mohammed openbaar was, die waarheid is, dieselfde as die persoon wat blind is? Slegs die mense wat verstaan reageer op hierdie raad...

20. ...dit is diegene wat Allah plegtig belowe het, voor die skepping en in hierdie lewe, dat hulle in Hom alleen sal glo, nakom en nie hulle ooreenkoms verbreek nie,

21. en diegene wat die verhoudings in stand hou wat Allah beveel het in stand gehou moet word en wat 'n heilige ontsag en respek het vir hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en bang is vir die verskriklike dag van afrekening,

22. en diegene wat geduldig bly vir die Plesier van hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en wat die Aanbidding in stand hou en wat van dit wat Ons hulle gegee het, in die geheim en openlik aanwend as Armebelasting en Aalmoese en die verkeerde met die goeie verdryf, vyandigheid met vriendskap, onreg met vergifnis en nie kwaad met kwaad vergeld nie. Hulle is diegene vir wie daar die finale rusplek wag,

23. die ewige tuine waar hulle sal ingaan, saam met hulle gelowige vaders, eggenotes en ook hulle nageslag. En die engele sal na hulle toe aankom deur al die ingange,

24. en hulle gelukwens en vereer terwyl hulle sê: "Vrede vir julle vir die geduld wat julle onder alle omstandighede aan die dag gelê het! So, kyk net hoe wonderlik is julle finale rusplek hier in die Paradys."

Die Ongehoorsames

25. Diegene egter wat hulle plegtige belofte voor die skepping en in hierdie lewe aan Allah verbreek nadat hulle onderneem het dat hulle in Hom alleen sal glo, en die verhoudings verbreek wat Allah beveel het wat verbind moet bly, en wanorde en moeilikheid op die aarde veroorsaak: hulle is diegene wat vervloek is en wie vêr van die genade van Allah verwyder en geheel en al daarvan ontneem is, iets wat in sigself die swaarste straf denkbaar is, en vir wie daar die slegte rusplek wag in die Hel.

26. Allah vermeerder en verminder die lewensmiddele van wie Hy wil. Die ongelowiges is gelukkig met hierdie aardse bestaan, terwyl hierdie aardse bestaan in vergelyking met die Hiernamaals eintlik maar min bied wat mens kan geniet.

27. Verder sê die ongelowiges: "Hoekom is dit dat daar geen bewys in die vorm van 'n wonderwerk aan hom gegee is deur sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie?" Mohammed sê vir hulle: "Of daar nou 'n wonderwerk en bewyse is of nie, Allah laat verlore gaan en mislei wie Hy wil* en Allah gee leiding aan diegene wat na Hom toe kom vir hulp, (*K6:111)

28. dit is diegene wat glo en wie se harte vrede ervaar

terwyl hulle Allah loof en prys. Luister, dit is waarlik so, die hart van die mens vind slegs vrede en berusting wanneer Allah geloof en geprys word!"

29. Diegene wat glo en goeie dade doen, vir hulle is daar die wonderlikste geluk en 'n goeie eindbestemming.

30. Mohammed, net soos wat Ons jou na jou eie gemeenskap toe gestuur het sodat jy aan hulle dit wat Ons aan jou geopenbaar het, kan voordra, so het ons ook boodskappers na die vorige gemeenskappe toe gestuur wat reeds heengegaan het, en wie se boodskappers net soos jy verwerp was, en wie ook nie in die Meesgenadige Allah geglo het nie. Sê vir hulle: "Hy is my Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Daar is geen ander god as Hy nie. In Hom plaas ek my vertroue en na Hom toe sal ek terugkeer."

Die ongelowiges in Mekka dring aan op 'n wonderwerk as bewys van die profeetskap van Mohammed

31. Maar selfs al was daar 'n Koran deur middel waarvan berge verskuif kon word, of waarmee die aarde in twee dele verdeel kon word of waarmee die dooies aangespreek en weer lewend gemaak kon word, sal hulle steeds nie glo nie. Allah alleen het die mag en beheer om te besluit of Hy aan hulle eise wil voldoen of nie. Is die gelowiges dan nie bewus daarvan dat indien Allah wou Hy alle mense na die regte Weg kon bring om so binne Sy Wil te lewe nie? Die ongelowiges sal net aanhou om rampe te ontvang vir wat hulle gedoen het, of dit sal naby aan hulle huise gebeur sodat hulle daaruit kan leer, totdat Allah se belofte waar word en Mekka verower is. Allah is waarlik nie iemand wat nie Sy belofte nakom nie.

32. En boodskappers voor jou was ook bespot, en Ek het die ongelowiges vir 'n rukkie laat voortgaan. Toe het Ek hulle egter vasgevat. So, hoe was My straf toe?

33. Is Hy dan, wat waghou oor almal en oor of elke mens volgens sy dade beloning of straf verdien, dan nie daar om te sien hoedat hulle vennote met Allah geassosieer het nie?. Sê vir hulle: "Nou toe kom, sê vir my wie is julle gode en wat is hulle name. Dink julle, julle kan Allah inlig oor iets op die aarde waarvan Hy nie reeds weet nie, of is die name van julle gode slegs leë woorde sonder betekenis?" Maar die kwaadwillige propaganda en misleiding deur die Veelgodedienaars word dag en nag aantreklik gemaak vir die ongelowiges wat weerhou is van die regte Weg en om binne die Wil van Allah te lewe. Diegene wie Allah ontneem van leiding, vir hulle is daar niemand wat hulle kan lei nie.

34. Vir hulle is daar 'n straf tydens hierdie aardse lewe en inderdaad ook die straf in die Hiernamaals wat selfs swaarder is, en niemand is daar niemand wat hulle van Allah kan red nie.

35. Hier volg die beskrywing van die Paradys wat belowe is vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het: onderdeur dit vloei daar riviere, die kos daar raak nooit klaar nie en so ook nie die skaduwee nie. Hierdie is die finale rusplek vir die wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het terwyl die ewige rusplek van die ongelowiges die Vuur is.

36. En diegene aan wie Ons die Koran gegee het, is gelukkig met dit wat Ons aan jou geopenbaar het. Maar tussen die groeperinge van Jode en Christene is daar diegene wat van dit ontken en nie aanvaar nie. Sê vir hulle: "Ek is beveel om slegs Allah te aanbid en om nie vennote aan Hom toe te skryf nie. Hom alleen roep ek aan en na Hom alleen is my terugkeer."

37. So het Ons dan net soos wat ons boodskappers voor jou gestuur en aan hulle Boeke geopenbaar het, aan jou die Koran in Arabies geopenbaar met duidelike bevele.

Boodskappers was gewone mense en rolmodelle met bepaalde boodskappe vir bepaalde tye en volke

38. En ons het boodskappers voor jou na hulle volke toe gestuur en aan hulle vroue en kinders gegee. En dit betaam nie 'n boodskapper om enige boodskap of bewys te bring sonder die wil van Allah nie. Want daar is vir elke tyd bepaalde vasgestelde openbarings en instruksies voorgeskryf.

39. Allah is in beheer en Hy het die mag en die wysheid om die openbarings en instruksies wat vir spesifieke tye gegee was te wysig, te herroep of te bekragtig soos Hy wil. Die Oorspronklike Boek, die Bewaarde Tablet, waarin alle openbarings en instruksies vasgestel is, is by Allah en Hy alleen het toegang daartoe.

40. Mohammed, of Ons jou nou 'n deel laat sien van die skande en vernedering wat Ons oor jou vyande gaan bring en of ons jou vooraf gaan terugneem na Ons toe, dit is nie jou verantwoordelikheid nie: jou taak is slegs om die boodskap oor te dra en dan is jou opdrag uitgevoer: hulle afrekening en vergelding lê by Ons.

41. Het hulle nie opgelet dat ons die land stukkie vir stukkie van alle kante af van hulle af wegneem nie? Allah is die Een wat oordeel en daar is niemand wat Sy oordeel kan afweer nie. En Hy is vinnig om af te reken.

42. En diegene voor hulle het ook planne gemaak, maar alle planne behoort aan Allah. Hy weet wat elke siel verdien: beloning of vergelding. En die ongelowiges sal gou weet vir wie die finale rusplek is.

43. Die ongelowiges sê: “Jy is nie 'n boodskapper nie.” Sê jy vir hulle: “Allah is genoegsaam as getuie tussen my en julle, en ook diegene van die Jode en die Christene wat hulle Geskrifte ken en die voorspelling van my koms daarin sien.”